

'n Tyd om te treur, 'n tyd om van blydschap te dans!

Prediker 3:4b

Don 25 Feb 2021

1953 vertaling Pred 3:4b "'n Tyd om te treur, 'n tyd om van blydschap te dans!'"

Bron: Venter J. 2015 Die boek Prediker. Van alles tevergeefs tot 'n hoopvolle toekoms saam met Christus.p.80-82

Die Hebreeuse woord vir treur hier is om ernstig te treur, om as 'n ware jou hare uit jou kop te trek en op jou bors te slaan van hartseer. Wanneer gebeur dit dat iemand so ernstig treur? Dit gebeur gewoonlik as daar 'n baie ernstige en traumatiese en hartseer gebeurtenis plaasvind in jou lewe. Dit is wanneer 'n dierbare, 'n kind, of jou man of vrou op traumatiese manier sterf. Dit gebeur wanneer verhoudings verbreek word, egskeidings plaasvind, jy jou werk verloor. "Wanneer ons treur oor aardse materiële verliese, verspeelde kanse, verlore kragte, finansies en aansien, dan wys dit net hoe afhanklik ons van aardse dinge geword het om ons regop en gelukkig te hou." (Venter 2015:80)

Tog treur ons nie soos hulle wat geen hoop het nie. Christene weet dat ons Hemelse Vader het 'n ewige raadsplan. God is alwetend. God is alomteenwoordig. God is alsiende. Daarom het God vooruit geweet om te troos. God het geweet ons gaan treur omdat ons die wonderlike verhouding met God geskaad het deur die sonde.

- As ons treur oor die dood. 'n Christen gaan nie dood nie, maar gaan na sy ewige Vaderhuis. Joh 14:1,2; Joh 3:16,36
- As ons bekommerd is oor die ekonomie. God voorsien op sy tyd en wyse al is dit deur swaarkry heen.
- As ons te belangrik raak, hou God ons nederig.
- As ons swaarkry, dan is God daar.
- Inteendeel, Jesus Christus nooi ons uit om ons laste op Hom te plaas.
- Dan volg natuurlik die wonderlikste belofte oor die ewige lewe waar daar net vreugde sal wees. **Open 21:4** "Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan."

Daar is daar blydschap in 'n christen se lewe.

Blydschap is veel meer as net 'n oppervlakkige blydschap. Daar staan letterlik in die Hebreeus om van blydschap te dans, op en af te spring van vreugde en dankbaarheid. Het ons werklik daardie dankbaarheid in ons geloof om op en af te spring? Het ons werklik die dankbaarheid, omdat ons weet ons sondes is vergewe, omdat ons weet dat ons die ewige lewe het, die oorwinnaarskroon uit genade verkry het?

- Johannes die Doper het met vreugde aangekondig dat Jesus Christus sy meerdere is en die Messias. Joh 1:36
- Paulus en Sila het in die gevangenis lofsange gesing tot eer van God. Hand 16:26
- Jakobus skryf dat ons bly kan wees as allerhande beproewinge oor ons gekom het wat ons kon weerstaan. Jak 1"2

Heb 12:2 "... die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die **vreugde** wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God."

(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)